

17 Mei

Bejaardes op 'n syspoor?

Skrifgedeelte: Titus 1:12 – 2:15

Fokusgedeelte: Titus 2:2, 3

Weet u watter helende invloed 'n gemeente van ons Here Jesus op die gemeenskap van 'n dorp of stad het, 'n gemeente wat lewe in ooreenstemming met die gesondmakende, heilsame leer van die Bybel? So 'n kerk bestaan ook nie net uit jong gelowiges nie. Ons Here rangeer u as ouer mans en vroue nooit vanweë u ouderdom op 'n syspoor nie.

As Paulus aan Titus opdragte gee oor hoe hy die gelowiges op die eiland Kreta moet organiseer, dan begin hy juis met ouer mans en ouer vroue. In teenstelling met die losbandige lewenswyse op Kreta, moes die ouer mans nugter lewe, eerbaar, verstandig en vas in die geloof, liefde en volharding. So moes ook die ouer vroue nie skinder en aan drank verslaaf wees nie, sodat hulle goeie raad kon gee aan die jonger vroue.

Met so 'n dankbare lewenswandel, gered deur God se genade oor baie jare, loop u as ouer lidmate voor in die gemeenskap van die heiliges. Dan, sê Paulus, kom volwassenes in die gemeente, met 'n lewe van positiewe diens aan Christus, 'n heilsame invloed uitoefen op die jonger lidmate en so op die goddelose samelewing waarin ons ons tans bevind.

Ouderdom is dus nie vir sissies nie, want u as bejaarde het 'n heerlike opdrag van ons Here Jesus Christus ontvang!

Sing: Psalm 92:6, 7

Ds. J Venter (Emeritus)